DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin

**6 November 2022**



Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

***Eredienste begin 09:30***

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Lukas 17: 11 - 19 |
| **Tema** | Jesus verhoor ons gebed en dit roep ons tot dankbaarheid |
| **Sang** | Psalm 107: 1, 10<br>Psalm 9: 7, 10<br>Psalm 40: 3, 4<br>Psalm 71: 9, 12<br>Psalm 61: 1, 4, 6 |

Melaatsheid was in die Bybelse tyd die mees gevreesde siekte. Die mens is uit die samelewing uitgeban, weggejaag uit hulle huise en familie. Hulle het dikwels in die vullishope buite dorpe gaan woon en daar probeer lewe. 'n Melaatse het alles verloor en geen hoop meer oorgehad het nie.

Ons lees van 10 melaatse mans buite 'n dorpie op die grens van Samaria. Teen hierdie tyd het Jesus 'n reputasie in Samaria gehad, Hy was die een wat omgegegee het. Die een wat siekes genees het, die een wat sondige mense nie veroordeel het nie, die een wat dooies opgewek het. Hierdie tien manne het op ‘n afstand hard geroep na Jesus.

Wie van ons sou nie? Die lewe bring 'n mens soms by daardie totale laagtepunt, waar jou eie plannetjies opdroog, wat die lewe so seer raak, waar jy hoop begin verloor. Tien manne het geweet hulle is sterwend. Soos mense in nood maak- as die dood dreig, soek ons die geheim om te kan lewe. As ons siek is, wil ons graag gesond word. Ai, hoe roep ons nie na Jesus as die lewe moeilik raak nie! Jesus, maak my gesond asseblief! Gee asb uitkoms!

‘n Melaatse wat gesond geword het, moes hulleself vir die priesters gaan wys. Die priesters moes hulle noukeurig ondersoek. Die priester het bepaal of jy jou lewe kan terugkry of nie. Jesus se antwoord was: Gaan wys julle vir die priesters. En die tien manne het genoeg geglo om terug te draai na die dorp toe, en hulle vir die priesters te gaan wys. V 14 sê dat toe hulle in beweging kom, het die wonderwerk gebeur. Op pad na die priesters toe het hulle gesond geword … Jesus het gered! Jesus het hulle gebed verhoor.

Die tien was almal ewe siek en word almal ewe gesond. Nege het hulle vir die priesters gaan wys, en kon nie wag om met hulle ou lewe aan te gaan nie. Nege manne se genesing was tydelik – almal sterf. Maar een man het gesien dat Jesus hom gesond gemaak het. Hy het omgedraai, en teruggegaan na Jesus toe. Hy het nie sy ou lewe hervat nie, hy het voor Jesus in dankbaarheid kom kniel. Net vir een man sê Jesus in vers 19: "Staan op, en gaan huis toe- jou geloof het jou gered…" Een uit tien kom terug om vir Jesus dankie te sê met sy lewe. Dis wat ware redding in ons lewe kom doen- ons word dankbare mense. Mense wat terugkom na Jesus, om Hom te kom eer vir wat Hy in ons lewe doen.

Ons kan so vaskyk in wat ons nie het nie, dat ons heeltemal blind is vir wat ons het. Ons kan so vaskyk in die sorge van die lewe, dat ons vergeet om met blydskap en dankbaarheid biddend elke dag te lewe. Waarvoor is ons dankbaar? Wat is die dinge in ons lewe wat geen geld kan koop nie, en waarsonder die lewe baie sleg sou wees? Die antwoord wat die HK ons gee is: dit wat nodig is vir ons om salig te leef en te sterf is drie dinge nodig: ek moet weet hoe groot my sonde en ellende is, ek moet weet hoe ek van my sonde en ellende verlos word en derdens, ek moet weet hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees. Ware Christenskap gaan nie net oor wat God om Christus ontwil aan ons sondestaat doen nie, dit gaan ook oor ons reaksie daarop. Wees dankbaar vir die Verlosser wat na ons gekom het en vir die verlossing wat ons in Jesus Christus ontvang het. Wys jou dankbaarheid in jou goeie werke (HK vr en antw 86 en 91). Hoe lyk jou innerlike en uiterlike dankbaarheid? Loof ons die Here voortdurend vir ons verkiesing en redding. Jy het reeds 'n ewige Vaderhuis.

# OOG VIR MEKAAR



* Ons bid vir Gerhard Maritz wat baie swak is en vir Martie en Johan wat hom getrou bystaan. Ons bid die Heilige Gees se bystand vir julle toe.
* Ons bid vir al die Hoërskoolkinders wat eksamen skryf. Leer hard en byt vas. Ouers kyk mooi na hulle.
* DV volgende Sondag is dit geleentheid vir ons jong mense om openbare belydenis van hulle geloof te doen.
* Ons vra voorbidding vir die ouderlinge se vergadering vandag na die erediens.
* Geluk aan Daleen Korff wat bevorder is tot die rang van kaptein en Gavin Nel tot die rang van kolonel. Sterkte op die pad wat voorlê.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 6 NOV

**Diensbeurt: Wyk 14**
**Ouderling: MJ Venter**

**Katkisasie: Geen**
**Diaken:**

***Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat hulle voor die erediens in die konsistorie moet vergader.***

**Eredienste begin 09:30**

## TEESKINKBEURTE



**6 November 2022**
Lilian Ferns
Annaleen Grobler
Elaine Grobler
Hannelie Kruger

**13 November 2022**
Tavia Mooi
Barbara Nagel
Lana Nel
Martie Mulder
Sintje Maree

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 6 Nov | 16:00 | *Kerk* | Ouderlinge vergadering |
| 7 Nov | 18:00 | *Kerk* | Breëkerkraad vergadering |
| 8 Nov | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 9 Nov | 11:00 | *Kerk* | Senior Burger Ete |
| 9 Nov | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| 10 Nov | 19:00 | *ZOOM* | Bybelstudie |



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend / Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 7 Nov | Carien Venter<br>Mart-Alet Schnehage | 32<br>28 | B<br>B | 083 271 2676<br>060 924 7149 |
| Wo 9 Nov | ***Jan Hoogendyk **** | ***70*** | B | 083 703 5925 |
| Sa 12 Nov | ***Andre Buys **** | ***73*** | B | 082 473 2986 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| Wo 2 Nov 1979 | Corne & Christine Du Plessis | 43 | 082 823 7487<br>084 253 6880 |

# SENIORBURGER AFSLUITING

***Die susters nooi almal 60 jaar en ouer uit na die jaarlikse Seniorburger Afsluiting.***

Die afsluiting sal plaasvind op ***Woensdag 9 November 2022.*** Ons kom so vanaf 11:00 bymekaar om 12:00 behoorlik bederf te word met lekker kos, poeding, koffie en tee ens.



Kom kuier saam met ons en kom geniet die dag saam met almal.

***Om dit vir die susters makliker te maak is daar 'n lys opgesit agter in die portaal om jou naam op te sit.***

Die spreukwoord sê ***"If you snooze you loose"*** , so voorkom teleurstelling en sit jou naam vroegtydig op die lys.

Hoop ons sien almal daar op Woensdag 9 November.




# AKTIWITEITSKOMMISSIE

Die aktiwiteitskommissie wil van die geleentheid gebruik maak om ALMAL wat die Nagmark verlede Vrydag kom ondersteun het te bedank. Sonder julle ondersteuning sou ons nie 'n sukses van die Nagmark kon maak nie.


Kerk hou nagmark

Dan ook 'n groot dankie aan al die gewillige hande wat gehelp het by die stalletjies ens. Daleen vir jou en Stephan ook 'n groot dankie daai os was voorwaar baie lekker.

Ons klaar uit na volgende jaar se geleentheid.

# EVANGELISASIE



**Laat ons Sout & Lig**

**in hierdie wêreld wees**

**Hand 16: 23…die bewaarder het hul buitekant toe gevat en gevra: "Menere, wat moet ek doen om gered te word?"**
**31Hulle antwoord hom: "Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin."**



## Praat saam....

- **Hoekom moet jy glo?**
- **Om gered te word van jou sonde en van die ewige dood, die hel.**

- **Die persoon kan reageer; maar ek is dan 'n goeie mens. Steel nie, moor nie, en vat nie iemand anders se vrou nie.**

# EVANGELISASIE (VERVOLG)



## Praat saam....

- Die vraag;
- Het jy al ooit ‘n lekkertjie uit jou ma se kombuis geneem?, gesteel,
- Vir iemand baie kwaad geword en geskel?

- Klein en groot sonde is voor God sonde en moet gestraf word.
- Ons verdien die ewige dood, die hel.



## Praat saam....

- Die persoon moet besef hy is ‘n sondaar
- En die sondaar verdien die ewige dood.
- Met erkening daarvan kom die GENADE,  wat moet ek doen?
- Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

***Net toe Hy 'n sekere dorpie wou binnegaan, kom tien melaatse mans Hom tegemoet, maar hulle bly op 'n afstand staan en roep hard: "Jesus, Here, ontferm U oor ons!"***

***Lukas 17 : 12 & 13***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS